

Gebluste kalk – dié top neutraliseringsprodukt wat die vrugbaarheidspotensiaal van grond maksimaal ontsluit

Gebluste kalk gee die vonk vir 'n goeie oes en verskaf maksimaal die lewensnoodsaaklike plantvoedingstowwe - kalsium en magnesium - aan die plant, asook optimale toeganklikheid van ander voedingselemente, indien die grond se pH-status vooraf met gebluste kalktoediening reggestel is. Dit is dié top neutraliseringsprodukt wat gebruik kan word vir die onmiddellike regstelling van grondsuur.

Suiwer kalksteen word in oonde gebrand teen hoë temperature, kooldioksied word uit die karbonate afgebrand en kalsium- en magnesiumoksied bly oor. Hierdie gebrande kalk word dan gehidreer met water om 'n hidrosiedkalk te vorm. Hierdie produk word as 'n groep 2- mistof geregistreer en heet gebluste kalk - 'n top neutraliseringsprodukt wat uiters doeltreffend is.

Gebluste kalk is super-ekonomies en kostedoeltreffend

Omdat gebluste kalk so hoog gekonsentreer is, is daar baie groot besparings op die hoeveelheid wat toegedien moet word en gevolglik ook besparing op die vervoer- en hanteringskoste teenoor ander landboukalkprodukte. Ten opsigte van neutralisering is een ton gebluste kalk ongeveer ekwivalent aan twee ton standaard landboukalk.

Gebluste kalk is gevolglik die mees ekonomiese neutraliseringsprodukt wat deur die produsent toegedien kan word. Die produk is baie meer reaktief as gewone standaard landboukalkprodukte en werk grondsuur dus onmiddellik tee.

Gebluste kalk stel toksiese aluminiumvlakke reg

Gebluste kalk is baie effektief om toksiese vlakke van aluminium in die grond neer te slaan as onskadelike aluminiumhidrosied.

Gebluste kalk vir kalsium- en magnesiumvoeding

As gevolg van die hoë kalsiuminhoud van gebluste kalsiet en hoë magnesiuminhoud van gebluste dolomiet, met gejaagde snelle reaksies, word die

kalsium en magnesium onmiddellik vrygestel as voedingstowwe aan plante.

Met die hoogste KKE- (hars) waardes haal gebluste kalk onmiddellik al die suur uit die grond

Die baie hoë chemiese ontledings- en fynheid van gebluste kalkprodukte reageer baie vinnig in grond – hierdie groot voordeel moet nooit buite rekening gelaat word nie. Hoe fyner en suiwerder die kalk, hoe beter en vinniger werk dit in die grond.

Om boere te beskerm teen growwe kalk, vereis Wet 36 van 1947 dat vir 'n standaard landboukalk net 50% van die produk deur 'n 250 mikron sif (0.25mm) moet gaan en minstens 100% deur 'n 1700 mikron sif (1.7mm). Die merkwaardige, baie kleiner eenvormige fynheidsfraksies van gebluste kalkprodukte, in vergelyking met enige ander kalkbron, is egter baie opvallend.

Gebluste kalk in organiese mengsels

Gebluste kalk is ook 'n uitstekende produk vir gebruik as 'n voedingstof in organiese mismengsels en -konsentrate. Dit los vinnig op in water vir aanwending as vloeibare oplossings vir grondinregrasie.

Gebluste kalk is vinnig oplosbaar

Die oplosbaarheid van gebluste kalk maak dit ook 'n ideale produk om gebruik te word in voedingsmengsels (hoëgraadse bemesting) en voermengsels vir suiwel.

Gebluste kalk verhoog grond se voedingstatus

Grond se pH-status bepaal hoe doeltreffend kunsmis gaan wees wat toegedien word. Dit help niks dat 'n produsent vir 'n spesifieke opbrengs bemes indien die pH van die grond nie vooraf reggestel word nie. Duur kunsmis is geen rede waarom die voedingstatus van grond verder vernietig moet word nie.

Saaiboere wat oor tyd te min landboukalk gebruik het en weens 'n finansiële oorlewingstrategie verplig is om insetkoste te verminder, kan eerder die pH-

status van grond onmiddellik regstel met gebluste kalk en dan, indien nodig, minder kunsmis toedien in hoër potensiaal-grond om minstens die voedingstatus van die lande te verhoog.

As 'n landboukalkprodukt is gebluste kalk die beste – dit werk!

Uitstekende gebluste kalkprodukte, wat verkrygbaar is vanaf SA Kalk en Gips, word ook as landboukalk aangewend in veral suurgronde waar onmiddellike reaksie verlang word. Waar 'n mengsel van kalsium en magnesium benodig word, is gebluste dolomiet (Calmag) beskikbaar vanaf Vredenburg en Olifantsfontein.

Waar net kalsium benodig word, is gebluste kalsiet beskikbaar vanaf Bredasdorp, Ulco (Barkly-Wes) en Tugela (Mandini). Hierdie vyf gebluste kalkprodukte is ideaal geskik vir produsente in die Noord-Kaap, Wes-Kaap, Oos-Kaap, Vrystaat, Noordwes, Gauteng, Mpumalanga en KwaZulu-Natal.

Panfontein biologiese kalsium “sludge” (Randwater Vereniging)

Hierdie is 'n produk wat in die proses is om geregistreer te word as 'n produk wat ook gebruik kan word vir die regstelling van grondsuur en kalsiumvlakke in grond.

Die produk is ook afkomstig van suiwer kalksteen, wat gebrand, fyngemaal en geblus word met water om 'n gebluste kalsiet te vorm.

Hierdie gebluste kalsiet word dan deur Randwater Vereniging in die watersuiweringsproses gebruik. Die gedroogde produk, 'n afsaksel vanuit die water suiweringsproses, word spesiaal deur SA Kalk en Gips verwerk en gesif vir gebruik in die landbou as 'n uitstekende grondverbeteraar om die vrugbaarheidspotensiaal van grond maksimaal te ontsluit.

Resultate wat in die praktyk deur produsente verkry word, is fenomenaal. ■

